Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP VRYDAG, 30 MEI 2014 OM 14:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)	Stanley, B J (DA)
Cleophas, J H (DA)	Stemele, O M (DA)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)	Van der Merwe, J I (COPE)
Geel, B W (DA)	Van der Westhuizen, R F (DA)
Papers, C H (DA)	Van Zyl, M (DA)
Rangasamy, M (DA)	Wilskut, W (DA)
Sedeman, A C (DA)	

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C F Gerber
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom teenwoordigers, met 'n spesiale woord van verwelkoming aan die lede van die publiek.

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C M Cloete, N Fortuin, F C Humphreys, D B Philander, A M Sneewe en N S Zatu.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

3.1 PERSVERKLARING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen hou 'n persverklaring voor aangaande die ongemagtigde optog van sogenaamde Ilinge Lethu inwoners op 29 Mei 2014.

Die Speaker wens die Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder alle betrokkenes geluk met die vreedsame en professionele wyse waarop die versoekskrif ontvang is, en die optog hanteer is.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die aangehegte persverklaring soos voorgehou deur die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen.

4./...

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 27 MAART 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 27 Maart 2014 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 27 MAART 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 27 Maart 2014 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 12 MAART 2014
Saamgelees met

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 4 MAART 2014

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 MAART 2014

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 17 MAART 2014

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 AANVAARDING VAN VERORDENING RAKENDE WATERVOORSIENING, SANITASIEDIENSTE EN NYWERHEIDSUITVLOEISEL, ASOOK DIE HERROEPINGSVERORDENING (1/1)

Die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, asook die Herroepingsverordening is op 22 April 2014 vir publieke insette geadverteer. Geen kommentaar/beswaar is teen die sluitingstyd van 14 Mei 2014 ontvang nie.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring en word daar –

Besluit/...

8.1/...

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat die verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, asook die Herroepingsverordening deur die Raad aanvaar word;

(b) Dat die verordeninge in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie in die Provinsiale Koerant.

8.2 REËLS EN PROSEDURE VIR ARTIKEL 62 APPÈLLE: AANWYSING VAN APPÈLKOMITEE (1/1/1/8)

Artikel 62 van die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000, reguleer die reg van appèl teen besluite wat ingevolge 'n gedelegeerde bevoegdheid geneem is.

Die eertydse munisipale raad het 'n Beleidsraamwerk wat die Reëls en Prosedures vir Artikel 62 appèlle bepaal op 31 Augustus 2006 aanvaar vir implementering op 1 September 2006, waarna dit op 12 November 2008 gewysig is.
'n Staande komitee is aangewys om sekere appèlle te hanteer, maar het die nuwe Raad in 2011 nagelaat om 'n komitee aan te wys.

In 'n onlangse bevinding deur die Grondwetlike Hof is die reg tot appèl na die Provinsiale Regering in terme van artikel 44 van die Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning ongeldig verklaar.

Daar word verwag dat die nuwe Wet op Grondgebruiksbeplanning (LUPA), wat appèl-meganismes sal bevat, op die vroegste op 1 September 2014 in werking sal tree.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat 'n appèlkomitee soos volg aangewys word vir die aanhoor van appèlle teen 'n besluit geneem deur 'n politieke struktuur, 'n politieke ampsbekleër of 'n raadslid, soos na verwys in die Raad se Reëls en Prosedures vir Artikel 62-appèlle:

Voorsitter:	Die Speaker, rdl N J A Rust
O/Voorsitter:	Rdl J H Cleophas
Ander lede:	(deur onderskeie partye benoem te word)
1 x DA-lid:	rdl O M Stemele
1 x ANC-lid:	[Dat 'n versoek aan die ANC-koukusvoorsitter gerig word om 'n raadslid aan te wys.]
1 x COPE-lid:	rdl J I van der Merwe
1 x TPICO-lid:	rdl Y S Cox-Bruintjies

(b) Dat kennis geneem word dat die Speaker 'n beslissende stem sal hê in die geval van 'n staking van stemme;

(c) Dat goedkeuring verleen word dat die Direkteur: Ontwikkelingsdienste (of sy genomineerde) deur die appèlowerheid gekoöpteer mag word om die komitee met tegniese kundigheid en advies by te staan, maar sonder enige stemregte;

(d) Dat kennis geneem word dat die administrasie van appèlle ingevolge paragraaf 3 van die voormelde Reëls aan die Bestuurder: Sekretariaat en Rekords (me N Brand) gedelegeer is *(verwys delegasie APP1, Delegasieregister*).

8.3 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

'n Munisipale raad moet ingevolge artikel 59 van die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 'n delegeringstelsel ontwikkel wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

Die munisipale raad het in Mei 2011 'n stelsel van delegasies aanvaar, maar is dit terselfdertyd onder die aandag van die Raad gebring dat so 'n delegeringstelsel nie 'n statiese dokument is nie, en jaarliks hersien sal moet word.

8.3/...

Wysigings aan personeelbeleide, en ook die aanneming van verskeie nuwe verordeninge en beleide gedurende die jaar het wysigings en toevoegings tot die Register van Delegasies meegebring.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams

Dat die wysigings wat aangebring is sedert die Register van Delegasies op 30 Mei 2013 deur die Raad hersien is, bekragtig word soos per Aanhangsel A tot F tot hierdie verslag.

8.4 WYSIGING VAN STRUKTUUR: KORPORATIEWE DIENSTE: EIENDOMME, KONTRAKTE EN REGSADMINISTRASIE (4/1/1/2/1)

Die pos van Bestuurder: Eiendomme en Kontrakte wat tans deur mnr Isak Adams beklee word, raak vakant op 28 Februarie 2015 vanweë laasgenoemde se aftrede.

Die voorgestelde wysiging van die Aanstellingsbeleid maak voorsiening vir ‘n opvolg-beplanningsproses. Dit behels dat die betrokke pos binne die 12 maande voor die posbekleër se aftrede intern geadverteer word, om die suksesvolle kandidaat geleentheid te gee vir mentorskap en opleiding deur die bestaande posbekleër voor aftrede.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste is van die opinie dat die pos geskik is om ook die regsadministrasie van die munisipaliteit te hanteer. Hierdie funksie is toegevoeg tot die posbeskrywing en volgens TASK evalueer die pos nogsteeds op ‘n T14.

Die struktuurwysiging hou dus slegs verband met die verandering van die posbenaming na Bestuurder: Eiendomme, Kontrakte en Regsadministrasie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat goedkeuring verleen word vir die wysiging van die posbenaming van die pos Bestuurder: Eiendomme en Kontrakte na Bestuurder: Eiendomme, Kontrakte en Regsadministrasie op die organisatoriese struktuur.

8.5 SLEUTELPRESTASIE-AANWYSERS (KPI’S) EN TEIKENS VIR 2014/2015 (2/4/2)

Regulasie 11(2) van die Munisipale Beplanning- en Prestasiebestuurregulasies, 2001 (R796 gedateer 24 Augustus 2001) bepaal dat, wanneer ‘n munisipaliteit sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan wysig, die munisipaliteit dan ook die sleutelprestasie-aanwysers wat deur so ‘n wysiging geraak word, moet aanpas.

Ten einde te voldoen aan artikel 42 van die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 moet die plaaslike gemeenskap betrek word by die ontwikkeling, implementering en hersiening van die munisipaliteit se prestasiebestuurstelsel en moet, in besonder, die gemeenskap toegelaat word om deel te neem aan die daarstel van toepaslike sleutelprestasie-aanwysers en prestasiedoelwitte.

Die sleutelprestasie-aanwysers en teikens is saam met die konsep hersiening van die GOP gedurende April geadverteer, maar geen insette of kommentaar is ontvang nie.

Die Speaker versoek dat daar tot stemming oorgegaan word en die aangeleentheid word beslis met sestien stemme ten gunste daarvan.

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI’s) en teikens goedgekeur word.

8.6/...

8.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN GEDEELTE A, GEDEELTE VAN ERF 1133, MOORREESBURG (12/2/B) (WYK 2)

Die *Manco-Aurecon Joint Venture* is deur SANRAL aangestel om grond te bekom vir die uitbreiding en opgradering van die nasionale padnetwerk. *Pendo Property Valuers*, gebaseer in Stellenbosch, is deur *Manco-Aurecon Joint Venture* aangestel om op 'n paneel te dien om die waardasies, sowel as onderhandelinge te behartig in die verkryging van grond vir genoemde doeleindes.

'n Skrywe is vanaf *Pendo Property Valuers* ontvang waarin aansoek gedoen word om 'n gedeelte (groot ±7 294 m²) van erf 1133, Moorreesburg te bekom vir doeleindes van 'n toekomstige N7 wisselaar.

Die Munisipale Bestuurder toon 'n ruimtelike voorstelling van die ligging van die betrokke gedeelte op die skerm wat SANRAL wil bekom.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad goedkeur dat Gedeelte A (groot ± 7294 m²) van erf 1133, Moorreesburg soos aangetoon op Aanhangsel B hierby, uit-die-hand-uit aan die *South African National Road Agency* (SANRAL) vervreem word;

(b) Dat aangesien die gedeelte grond nie vir enige basiese munisipale diens geoormerk is nie asook vir die redes soos aangetoon in die verslag, dit vervreem word teen die voorgestelde markwaarde van R33 000,00, BTW uitgesluit;

(c) Dat SANRAL ook verantwoordelik sal wees vir die oordragskostes asook kostes wat met hersonering en ander tersaaklike administratiewe aksies verband hou;

(d) Dat die uit-die-hand-vervreemding van die eiendom uit hoofde van die Raad se Verordening insake die Administrasie van Onroerende Eiendom vir publieke kommentaar geadverteer word.

8.7 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN STRAATGEDEELTE TE RUSTSTASIE (12/2/B) (WYK 6)

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaars van gedeelte 30, 32 en 42 van die plaas Vaderlandsche Rietkuyl No 525, Ruststasie vir die aankoop van 'n gedeelte straat (groot ±2478 m²) wat aan die Raad behoort.

As gevolg van die feit dat die straat met ou verrotte bloekombome oortrek is, kon dit nog nooit as 'n straat gebruik word nie.

Foto's van die omvang van die bloekombos word deur die Munisipale Bestuurder op die skerm vertoon.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad goedkeur dat die gedeelte straat (groot ± 2478 m²) soos aangetoon op Aanhangsel A hierby, uit-die-hand-uit aan die eienaar van Gedeelte 30 van die Plaas Vaderlandsche Rietkuyl 525, Ruststasie vervreem word;

(b) Dat aangesien die gedeelte grond nie vir enige basiese munisipale diens geoormerk is nie en ook nie enige ekonomiese voordeel vir die Raad inhou nie, dit teen R5,00/m² vervreem word, ten bedrae van R12 390,00, BTW uitgesluit;

(c) Dat die koper ook verantwoordelik sal wees vir die oordragskostes asook kostes wat met straatsluiting, opmeting, hersonering en konsolidasie verband hou, ingesluit die kostes van advertering;

(d) Dat die koper skriftelik tot bovermelde voorwaardes instem;

8.7/...

(e) Dat die uit-die-hand-vervreemding van die eiendom uit hoofde van die Raad se Verordening insake die Administrasie van Onroerende Eiendom vir publieke kommentaar geadverteer word.

8.8 VAKATURE: WYK 10, WYKSRAADSLID

'n Groot eer het rdl C H H Hunsinger te beurt geval, deurdat lg. op 22 Mei 2014 na die Nasionale Parlement aangewys is, met die gevolg dat daar 'n vakature vir 'n wyksraadslid van Wyk 10 op die munisipale raad ontstaan het.

Bevestiging van die vakature is aan die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) deurgegee het het die OVK aangedui dat daar 'n tussenverkiesing vir 13 Augustus 2014 geskeduleer is.

Die Uitvoerende Burgemeester wens rdl C H H Hunsinger, in sy afwesigheid, geluk en bedank rdl Hunsinger vir die positiewe bydrae wat hy tot die Raad gelewer het, met spesifieke vermelding na die suksesvolle VPUU-aansoek.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat die Raad kennis neem dat rdl C H H Hunsinger met ingang van 22 Mei 2014 tot die Nasionale Parlement aangewys is;

(b) Dat verder kennis geneem word dat die Onafhanklike Verkiesingskommissie aangedui het dat 'n tussenverkiesing vir Wyk 10 sal plaasvind op 13 Augustus 2014;

(c) Dat, vir die doeleindes van die wykskomiteevergadering van Wyk 10 op 28 Julie 2014, die Speaker 'n waarnemende voorsitter vir Wyk 10 se wykskomitee sal aanwys.

GETEKEN:
SPEAKER

PERSVERKLARING: ONGEMAGTIGDE OPTOG VAN SOGENAAMDE ILINGU LETHU INWONERS VAN 29 MEI 2014

Op 7 Mei 2014 tydens die Nasionale en Provinsiale verkiesings het die party in beheer van die Wes-Kaap (die **DA**), en daarmee saam Swartland Munisipaliteit se **DA** ‘n oorweldigende mandaat van sy inwoners gekry om die goeie bestuur en regeringspraktyke voort te sit en toe te pas.

Die ongemagtigde optrede van Donderdag is tekenend van die leë beloftes wat deur sekere andere politieke partye gemaak is.
Ons in die Swartland gaan nie toelaat dat enige “riool-politiek” die Swartland destabiliseer nie.

Die Swartland **DA** het op 7 Mei 2014 weereens ‘n steeds sterker wordende mandaat van **67.5%** van sy kiesers gekry om voort te gaan met dit wat ons doen.
Ons gaan nie onder druk swig nie en ons gaan nie toelaat dat ‘n aantal inkommers die reg in eie hande neem nie.

Dit is met kommer dat ons waarneem dat die inkommers die huidige inwoners dwing om na hulle pype te dans.
Dat die nuwe inkommers voorkom dat vreedsame mense kan kom werk en kos vir hulle gesinne op tafel kan plaas deur mense, skoolbusse, voertuie en so meer te beskadig is ‘n blatante miskenning van die demokratiese reg van ons inwoners.

Daarby het ons inwoners wat reeds tot 15 jaar op behuisingswaglyste is, meer regte as mense wat gister in die Swartland ingestroom het, en gaan ons die mense uiteraard eerste help.
Dit is in praktyk die toepassing van demokrasie, billikheid en regverdigheid.

Ons moet onthou dat demokrasie ‘n tweesnydende swaard is wat nie toelaat dat mense deur dié soort van optrede wat Donderdag plaasgevind het, meer regte gaan kry nie.
In der waarheid, moet van mense wat hierdie soort praktyke beplan en uitvoer, regte ontneem word.

Aangaande die petisie – Swartland Munisipaliteit sal daarop reageer, want ons het die antwoorde daarop, maar ons moet ook aanvaar dat jy nie net ‘n towerstaf kan swaai en dan gebeur dinge nie.

Enige behoefte van enige normale burger van Suid-Afrika en dus ook die Swartland MOET deur die wettige en normale aanvaarde beplannings- en begrotingsprosesse geneem word.
Dit is wat goeie regering van ons as stadsvaders verwag.
Daarby is daar geen enkele belofte op enige stadium aan die organiseerders van die onwettige optog gemaak waar ons toegewings maak dat hulle eerder gehelp sal word.

Die DA Swartland se Munisipale Raad se verpligtinge lê te alle tye eerder by ons pligsgetroue inwoners wat reeds jare geduldig op hulle plekkie in die son sit en wag, en nie by ‘n groep inkommers wat onwettige optogte hou, reg in eie hande neem, en die volle ekonomie van ‘n dorp soos Malmesbury wil lam lê nie.

Indien enige van Swartland Raadslede hulle bemoei of aanhits tot die soort van optrede en/of optogte sal hy/sy volgens die normale wets voorskrifte en prosedures aangekla word.

Die Swartland Raad keur dan ook die soort van optrede soos wat ons Donderdag, 29 Mei 2014 ondervind het, ten sterkste af.

Tijmen van Essen
Swartland uitvoerende Burgemeester.
30 Mei 2014